Verwysing: 20200204-4004
Lêernommer: 12/12/P
Navrae: E Bezuidenhout

Omsendbrief: 0012/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van openbare skole

Kort opsomming: *Inkomstebelastingvrystelling vir openbare skole en inkomstebelasting-korting vir donateure wat ingevolge artikel 18A van die Inkomstebelastingwet donasies aan skole maak.*

Onderwerp: Inkomstebelastingvrystelling vir openbare skole en inkomstebelastingkorting vir donateure

1. Ingevolge artikel (10(1)(A*)(i)* van die Inkomstebelastingwet, 2000 (Wet 30 van 2000) is alle skole vrygestel van die betaling van inkomstebelasting. Let daarop dat hierdie vrystelling egter teruggetrek kan word ten opsigte van enige openbare skool wat aan handelsaktiwiteite deelneem wat nie geheel of hoofsaaklik op die bevordering van sy hoofdoel as 'n opvoedkundige inrigting fokus nie.

2. Ingevolge artikel 18A van die bogemelde wet, soos gewysig deur die negende skedule van die Inkomstebelastingwet, 2002 (Wet 30 van 2002), het die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) goedkeuring verleen vir die groepsregistrasie van alle openbare skole om ingevolge die bogemelde artikel 18A kwitansies aan donateure uit te reik. Die verwysingsnommer wat vir hierdie doel aan alle openbare skole in die Wes-Kaap uitgereik is, is 930000372. Op versoek van die SAID, moet die praktyk van die afsonderlike aansoek om registrasie ingevolge artikel 18A gestaak word.

3. Registrasie ingevolge artikel 18A, maak voorsiening vir belastingkortings betreffende donasies vir spesifieke opvoedkundige projekte, met die uitsondering van skoolgelde. Die belastingkorting is onderhewig aan die beperkinge vervat in artikel 18A en sal slegs oorweeg word indien die kwitansie- en belastingsertifikaat, soos deur die betrokke opvoedkundige inrigting uitgereik, saam met die jaarlikse belastingopgawe ingedien word.

4. Geen belastingkorting word toegestaan indien die kommissaris van belasting rede het om te glo dat 'n opvoedkundige inrigting 'n artikel 18A-sertifikaat uitgereik het vir skoolgelde óf nie-opvoedkundige doeleindes nie. Ingevolge artikel 18A, kan die misbruik van donasies meebring dat die registrasie van skole in die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) as openbare weldaadsorganisasie teruggetrek word. Gevolglik sal skole ontneem word van die geleentheid om ekstra fondse vir opvoedkundige doeleindes in te samel.

5. Inrigtings wat artikel 18A-kwitansieboeke benodig, moet skriftelik by die adjunkdirekteur van hul distrikskantore aansoek doen. Inrigtings moet oor die nodige interne kontrole beskik om aan die prosedures en vereistes van die WKOD en SAID te kan voldoen voordat die distrikskantoor so 'n kwitansieboek sal uitreik.

6. Skole moet 'n artikel 18A-kwitansie regverdig en dit in die uitgereikte donasieboek aanteken vir alle donasies wat van donateurs ontvang is. Die oorspronklike kwitansie moet aan die donateur oorhandig word, die eerste afdruk word aan die distrikskantoor gestuur en 'n afdruk word vir ouditdoeleindes bewaar.

7. Prinsipale en skoolbeheerliggaam kan hul distrikskantore versoek om ondersteuning te ontvang betreffende prosedures en vereistes, byvoorbeeld die jaarlikse verslagdoening betreffende die uitreiking van artikel 18A-kwitansies vir die boekjaar 01 Maart tot 28 Februarie.

8. Skole word versoek om jaarliks teen 15 Maart distrikskantore van die volgende dokumentasie te voorsien:

   (i) Die aangehegte belastingsertifikaat Bylae A (in drievoud: die oorspronklike word aan die donateur oorhandig, die eerste afdruk word aan die distrikskantore gestuur en die laaste afdruk word by die skool bewaar); 'n sertifikaat moet aan die einde van die boekjaar, 28 Februarie, aan elke donateur uitgereik word vir alle donasies wat vir 'n spesifieke boekjaar ontvang is.
   (ii) Die aangehegte jaarlikse opgawe Bylae B wat die besonderhede bevat van die artikel 18A-kwitansies wat uitgereik is. Die jaarlikse opgawe sowel as 'n afdruk van die kwitansies wat uitgereik is, moet aan die distrikskantoor gestuur word.

9. Die distrikskantoor moet die volledigheid en akkuraatheid van die voorgelegde jaarlikse opgawes nagaan. Alle jaarlikse opgawes per distrikskantoor moet noukeurig ingesamel en teen 30 April elektronies by die Direktoraat Bestuursrekeningkunde, Hoofkantoor ingedien word.

10. Die toepaslike belastingsertifikaat Bylae A en die jaarlikse opgawevorms Bylae B is hierby aangeheg.

11. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes en ouers.

12. Let daarop dat Omsendbrief 0051/2014 van 24 Oktober 2014 in sy geheel herroep en deur hierdie omsendbrief vervang word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-03-10

Western Cape Government
Education

ANNEXURE A

Verwysingsno/ Reference Nr. 930000372

BELASTINGSERTIFIKAAT VIR DONASIES IN TERME VAN ARTIKEL 18A
TAX CERTIFICATE FOR DONATIONS IN TERMS OF SECTION 18A
(To be completed at school in triplicate and a copy to be furnished to the donor)

Naam van Onderwysinrigting
Name of Educational Institution _____

TAX YEAR/ BELASTINGJAAR 01/03/……. - 28/02/……

ODK/EDO _____

OBISNR / EMIS NO. _____
Naam van donateur /
Name of donor _____

Die Beheerliggaam bedank u vir u donasies ten einde die Onderwysinrigting finansiëel te ondersteun.
The Governing Body wishes to thank you for your donations to support this Education Institution financially.

DATUM/ DATE	KWITANSIE NRS RECEIPT NO'S	DOEL / PURPOSE	BEDRAG / AMOUNT

Heg hierdie sertifikaat aan u belasting aanslag / Attach this certificate to your tax return.

1. Kwitansies uitgereik in terme van Artikel 18A. / Receipts issued in terms of Section 18A.
2. Toegestaan aan skole in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) soos gewysig /
   Granted in respect of public schools registered in terms of the South African Schools Act, 1996 (Act 84 of 1996) as amended
3. Dit word gesertifiseer dat die donasie ontvang uitsluitlik aangewend sal word tot voordeel van die Openbare aktiwiteite (goedgekeur vir die doelstellings soos vervat in Artikel 18A) en is uitgereik vir die doel soos bepaal in Artikel 18A van die Wet op Inkomstebelasting, 1962 /
   It is certified that the donations has been or will be used exclusively for the Public Benefit activities (approved for purposes of Section 18A) and has been issued for purposes of Section 18A of Income Tax Act, 1962

_____
TESOURIER / TREASURER
Datum/Date:

_____
VOORSITTER / CHAIRPERSON
Datum/Date:

Western Cape Government
Education

ANNEXURE B

Verwysingsno/ Reference Nr. 930000372

JAARLIKSE OPGAWE VAN KWITANSIES DEUR ONDERWYSINRIGTING UITGEREIK ONDER ARTIKEL 18A VAN SAID
ANNUAL RETURN OF RECEIPTS ISSUED BY SCHOOLS UNDER SECTION 18A OF SARS

TAX YEAR/ BELASTINGJAAR 01/03/……. - 28/02/……

Naam van Onderwysinrigting
Name of Educational Institution ……

ODK / EDO ……... **OBISNR / EMIS NO.** ……

DATUM/ DATE	KWITANSIE NRS / RECEIPT NO'S	DONATEUR / DONAR	DOEL / PURPOSE	BEDRAG / AMOUNT